Stylvol in die kol

DIE VERE MAAK DIE VOËL

ALLE oë was op **NICOLA BREYTENBACH** toe sy onlangs drie keer van vere verwissel het by die twaalfde jaarlikse Suid-Afrikaanse Styl-toekenningsgeleentheid by Nelson Mandela Square in Sandton. Die beeldskone model het een nommertjie vir die rooi tapyt gekies, een vir die toekenningseremonie en een vir die makietie agterna. Nicola het verklap haar parfuumreeks sal binnekort op die rakke wees. "Ons wou dit al vanjaar bekendstel, maar met die ekonomiese insinking duur dinge nou 'n bietjie langer." Die voormalige Mej. Suid-Afrika **CINDY NELL** gaan nie 'n huisvrou word noudat sy op trou staan nie – sy het pas 'n splinternuwe spa, Rapid Slimming Spa, in Sandton geopen. Hierdie Strictly Come Dancing-deelnemer het wraggies nie net vlindervoete nie; sy's duidelik ook 'n skoonheid met sakevernuf!

– JARED OBLIN EN GILDA VAN SCHALKWYK

LINKS BO: Oscar Pistorius en sy meisie, Jenna Edkins. LINKS: Roland Schoeman en Genevieve Morton is smoorverlief. BO: Die televisie-aanbieder Nicky Greenwall was die seremoniemeester. Hier gesels sy met Oscar, die wenner van die prys vir die stylvolste manlike sportster, terwyl Nicola Breytenbach toekyk. REGS BO: Die glanspaar Amor Vittone en Joost van der Westhuizen by Corine du Toit van Egoli-faam. REGS: Christina Storm smeul terwyl haar rocker-kérel, Munro du Toit, grappies maak.

ONS GUNSTELING-ROKKE . . .

VAN LINKS: Amor Vittone in 'n Griekse skepping van Peter Soldatos; Cindy Nell het been gewys in 'n stuitige nommer van Gavin Rajah; Elana Afrika het die aandag getrek in 'n skelblou rok van Abigail Betz; al drie Nicola Breytenbach se elegante rokke is deur Marc Bouwer ontwerp.

NOMMER-PAS